e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

17 November 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 39

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Positief vorentoe

Die kerk van Jesus Christus beleef ingrypende tye. Ons leef in 'n tyd van groot veranderinge wêreldwyd wat ons nie volkome begryp nie en waaroor ons nie beheer het nie. Ook die gevestigde Christelike kerke kry die wind van voor.

Baie gemeentes in die Hervormde Kerk is in 'n stryd om oorlewing vasgevang. Hulle dors na leiding om die evangelie van Jesus Christus opnuut binne hulle eie konteks relevant en kragtig te verkondig. Ons moet almal ons lidmate en gemeentes se noodroep hoor en mekaar begin help. So kan ons saam in die voetspore van Christus loop.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) werk tans aan maniere om vir die Kerk leiding te gee oor hoe ons nuut na die Woord kan luister, en hoe ons die uitdagings vir kerkwees positief kan aanpak. Dit sal wonderlik wees as kerkrade en gemeentes hulle tot so 'n gesindheid verbind en positief daartoe meewerk.

Die risiko bestaan dat die Hervormde Kerk kan bydra tot die verwarring en koersloosheid. Die Kerk kan daaraan meedoen deur die verlede en alles wat kosbaar is, te verwerp. Of die Kerk kan so krampagtig aan die gewaande sekerhede van die verlede vashou asof dit die toekoms waarborg – tot groter onsekerheid en ellende.

Watter een van hierdie twee uiterstes ook al gekies word, dit laat die Kerk en sy lidmate net meer ontnugterd, en ontsteld. Ontsteltenis bring verwarring. Verwarde, ontstelde mense verkwalik ander vir die ellende waarin hulleself is. Dit verdeel mense in groepe wat mekaar etiketteer. So ontwikkel 'n spiraal van verwarring, verwydering, later selfs geweld – alles tot oneer van God.

Met die Buitengewone AKV was dit anders. Daar het verootmoediging en loutering op die voorgrond gestaan. Wie gelouter is, staan sterker in die geloof en leef nader aan God. Geloof wat in die vuur van versoeking en beproewing getoets en gelouter is, is suiwerder, gestroop van eiewaan, arrogansie, gebrek aan integriteit. Geloof wat soos goud getoets en gesuiwer is, is bevry van persoonlike voorkeure en aspirasies. Gelouterde geloof is bewus van gebrekkige insig, eie sonde en broosheid, en laat geen ruimte om ander af te kraak, te beskinder of te verneder nie. 'n Gelouterde mens is 'n diep bewoë mens, opnuut gereed om in Christus se voetspore te volg.

Die Kommissie van die AKV wil by die Kerk pleit dat ons voortgaan op dié pad van verootmoediging, loutering en bekering. Die hele Kerk het dit nodig. Ons kan nie langer verdeeld wees, afgrens, mekaar verdag maak en mekaar van die bose beskuldig nie. Ons kan nie langer dink dat ons en ons groep alleen reg is en al die ander verkeerd nie.

Daarom moet ons opnuut na mekaar luister en mekaar vergewe. Nie omdat ons wil nie, maar omdat God dit van ons verwag. Ons moet daarna streef om te doen wat die Woord van God sê, en nie wat onsself wil hê nie. Dit verg integriteit. As jy sê jy is 'n Christen, leef jy soos 'n Christen. As jy voor God en sy gemeente beloof het dat jy jou onder die Kerk se gesag en dissipline stel, onderwerp jy jou aan die Kerkorde en kerklike besluite en dreig jy nie die Kerk en medegelowiges nie.

Ons Kerk kan die onsekere toekoms positief tegemoet gaan, omdat Jesus die Heer van die kerk is. As ons in die verlossing deur Jesus Christus glo, as ons in Christus se voetspore volg, is ons altyd veilig in God se hande.

Daarom aanvaar die Hervormde Kerk die uitdaging om in elke stad en dorp van Suid-Afrika te leef en werk as aktiewe gemeentes van die kerk van Jesus Christus. Saam wil ons leef en werk as sy getuies – deur ons belydenis, en deur 'n lewe van diens wat hierdie belydenis bevestig.

(Hierdie is 'n greep uit die verklaring wat die Kommissie van die AKV op 11 November uitgereik het. Die volledige verklaring is by **www.nhk.co.za** beskikbaar.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Henk Calitz

Ds Willem Breytenbach

Beroep ontvang

- **Prop Henk Calitz** na Carletonville (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop Henk Calitz** na Carletonville (deeltyds)

Beroep bedank

- **Ds Willem Breytenbach** van Hazyview/Sabie na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie.

Vakante standplase

- **Gemeente Oos-Londen** beskik oor ’n **vakante deeltydse predikantstandplaas**. Die gemeente het ’n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 170 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek oor die hele Oos-Londen sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die voorsitter van die Ouderlingevergadering, oudl Peet Swanepoel, by 083 597 8283 gerig word. Enige belangstellende predikant of proponent kan ’n volledige CV **voor of op 25 November 2011** aan oudl Swanepoel by **pp.swanepoel@gmail.com** stuur. Die Kerkraad is egter nie verplig om uit die groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie.

- **Gemeente Vaalharts** in Hartswater (Noord-Kaap) se **volsorgstandplaas** is vanaf 1 Desember 2011 vakant. Die lidmaattal is ongeveer 325 (ongeveer 263 belydendes), en die gemeente het tans ook ’n samewerkingsooreenkoms met Gemeente Christiana. Belangstellende predikante kan ’n CV stuur aan die skriba, oudl Gerrit Staats, by **geram@vharts.co.za**. Kontak oudl Staats by 053 474 0597 of 082 414 9643 vir meer inligting. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie. Predikante wat intussen **preekbeurte** in die gemeente kan waarneem, kan oudl Staats ook kontak.

- **Gemeente Onverwacht** beskik oor ’n **vakante deeltydse standplaas.** Die standplaas behels die bediening van lidmate in die gemeente asook lidmate van die interkerklike Gereformeerde Kerk in Francistown. Die kandidaat sal twee weke in Gemeente Onverwacht werk en twee weke in Francistown, ongeveer 400 km van Onverwacht af in Botswana.

  Gemeente **Onverwacht** is ’n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met ’n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings in die gemeenskap verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus. Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate bestaan waarvan 406 belydende lidmate is. Ds Coenraad Strydom is tans die voltydse predikant.

  Gemeente **Francistown** is ’n uitgestrekte semi-stedelike gemeente met ongeveer 90 Afrikaanssprekende gesinne. Die lidmate is met werkskontrakte en op permanente basis in Botswana.

Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak mev Hanlie Thirion by die gemeentelike kerkkantoor by 014 763 4944 (voor 13:00) of per e-pos by **admin@onverwachtgemeente.co.za**, of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of **coenstrydom@lantic.net**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 Desember 2011.**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet voortaan aan die Sekretaris vir SENTIK gestuur word, en nie langer aan die Sekretaris van die Kommissie van die AKV nie. Stuur inligting aan dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za**, of skakel hom by 082 339 2332.

Oudl Flip Coetzer

- **Ds Etienne Fourie** van Gemeente Kempten **se moeder** is ernstig siek met kanker. Die Kerk se voorbidding word gevra vir die familie.

- **Flip Coetzer**, bekende ouderling van **Gemeente Witbank**, is Saterdag 12 November in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Oom Flip was voorheen lid van die Ringskommissie van Bronkhorstspruit en lid van die Kommissie van die AKV. Die roudiens is op Woensdag 16 November gelei deur dr Hennie van Deventer, 'n vorige predikant van die gemeente. ('n Berig oor oom Flip en tannie Marie verskyn in die Januarie/Februarie 2012-uitgawe van *Konteks*).

Dr André Ungerer

Dr Gerhard Lindeque

- **Dr André Ungerer** van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin is tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV op 11 November benoem as die **nuwe redakteur** van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* met ingang van Januarie 2012. Hy volg dr Gerhard Lindeque op, wat sedert Januarie 2009 redakteur was.

- **Dr Ungerer** is ook aangewys as die nuwe voorsitter van die Kuratorium in die plek van dr Lindeque.

- **Dr Gerhard Lindeque** was die sekundus vir die skriba, en het na die bedanking van dr Malan Storm deel geword van die Kommissie van die AKV. As gevolg daarvan moes hy bedank as lid van die Kuratorium en as redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*.

Ds Leon Geel



Prop Henk Calitz en sy vrou, Martie

- **Dr Wim Dreyer**, in daardie stadium viseskriba van die Kommissie van die AKV, het ingevolge die Kerkorde die nuwe **skriba** van die Kommissie geword. Dr Storm se bedanking het egter ook 'n vakature gelaat in die Moderamen, en die Kommissie het **ds Leon Geel** tot lid van die Moderamen verkies; hy sal voortaan die posisie van **viseskriba** vul.

- **Prop Henk Calitz** is weer deur die Kommissie van die AKV tot die bediening toegelaat nadat hy aan al die vereistes van die Proponentseksamenkommissie voldoen het. Hy is by die geleentheid vergesel deur sy vrou Martie, sy tweelingseuns en sy ouers.

Prop Tiaan Loedolff en familie

- **Prop Tiaan Loedolff** is deur die Kommissie van die AKV tot die bediening toegelaat nadat hy sy proefpreek suksesvol afgehandel het. Hy is deur sy ouers, tannie en oom vergesel.

- **Dr Wim Dreyer**, skriba van die Kommissie van die AKV, het tydens die plegtigheid op 10 November die **ondertekeningsformule** aan die proponente voorgehou, wat hulle mondelings bevestig het en daarna in die teenwoordigheid van die Kommissie onderteken het.

- Die Kommissie van die AKV het op 10 November afskeid geneem van **dr Fanie Pretorius** en **mej Rona Barnard**. In die groeteboodskappe van mnr Kobus Viljoen en ds Dries Beukes het die Kerk groot dankbaarheid en waardering uitgespreek

teenoor die twee personeellede wat onderskeidelik 25 en 45 jaar diens het. Die Kerk bid hulle die Here se seën en vrede toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 November**, en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 18 November: Ds Chris Viljoen (CSO)
  - Sondag 20 November: Prof Johan Buitendag (UP) en ds Corrie Pieterse (emeritus)
  - Maandag 21 November: Prof Hennie van der Westhuizen (emeritus)
  - Dinsdag 22 November: Drr Piet Boshoff (Vereeniging), Johan Otto (Premiermyn) en ds Lammert van Rooyen (Leeudoringstad/Makwassie)
  - Woensdag 23 November: Di Mariaan Beukes (Roossenekal/Stoffberg) en Henk Joubert (Welgelegen-Pietersburg)
  - Donderdag 24 November: Di Jacques Pieterse (Laer Suidkus) en Neels van Tonder (Buffelspoort)
  - Vrydag 25 November: Ds Johan Wagenaar (emeritus)

- **Groot kongres in San Francisco.** Jaarliks vind die grootste byeenkoms van Bybelwetenskaplikes, teoloë en godsdienskundiges in die wêreld in November in die VSA plaas. Die gesamentlike kongres van die *American Academy of Religion* en die *Society for Biblical Literature* dek alle terreine van die godsdienste, filosofie en etiek. Dit word deur ongeveer 7 000 mense van oor die wêreld bygewoon. Die grootste uitstalling van teologiese en godsdiensboeke van al die toonaangewende uitgewers word ook daar gehou. Vanjaar is die kongres in San Francisco, Kalifornië van 19-22 November. **Proff Andries van Aarde, Piet Venter, Yolanda Dreyer en Ernest van Eck** woon die kongres by. 'n Besondere onderskeiding het prof Van Aarde te beurt geval deurdat sy lewe en werk in 'n nuwe boek van die Nederlandse teoloog Bas van Os bespreek word. Die boek word in een van die kongres se sessies bespreek, en prof Van Aarde sal self deelneem aan die paneelbespreking.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 25 November plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Donderdag 17 November: ADV Dagbestuur
  - Vrydag 18 November: Finkom van Die Ondersteuningsraad
  - Dinsdag 22 November: Koördineringskomitee
Sekunduskommissie
  - Woensdag 23 November: Bestuur van Die Ondersteuningsraad
Moderamen
Sekunduskommissie
  - Donderdag 24 November: Komitee vir die Herskrywing van die Kerkorde

- **Gemeente Hartebeeshoek** het gratis beskikbaar vir enige sustersgemeente **'n linne-binnedeur**, 12,2 m x 3,5 m hoogte. Dit is voorheen gebruik as afskorting tussen die kerk en saal en is intussen vervang met glasdeure. Belangstellendes sal self verantwoordelik wees vir die vervoer en herinstallering daarvan. Kontak oudl Abie de Beer by **abiedebeer@absamail.co.za**, 012 549 2448 of 083 417 8007.

- **Gemeente Magaliesmoot** benodig die dienste van **'n orrelis** wat die begeleiding tydens oggenddienste kan waarneem. Diensaanvaarding 1 Desember 2011. Die gemeente is geleë tussen Pretoria en die Hartbeespoortdam. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789.

- **Gemeente Greylingstad.** Op Sondagaand 27 November om 18:30 word 'n **gesamentlike Adventsdiens**, met Chris Coetzer as gaskunstenaar, onder leiding van ds Fanie Naudé in die NG Kerk Greylingstad gehou. Verlede jaar was

die kerk stampvol! Omliggende gemeentes word genooi om vanjaar se diens by te woon. Kontak ds Naudé by **naude.fanie@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Strand: Eredienste Desember 2011.** Lidmate wat gedurende Desember in die omgewing van Strand/Hermanus vakansie hou, kan elke Sondag om 09:00 saam met die gemeente die Here dien met woord en lied. Op Sondag 4 Desember word hul pyporrel tydens die jaarlikse Kerssangdiens ingewy. Daar is ook op Geloftedag, Vrydag 16 Desember, en op Kersdag, Sondag 25 Desember, om 09:00 eredienste. Die kerkgebou is op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, Onverwacht, Strand; GPS S 341.10971 O 018.84235. Navrae aan Japie Botha (skriba) by 021 851 6351 of 083 231 6321.

- Teken voor die einde van November per SMS in op *Konteks*, en **wen 'n gratis webblad** vir die gemeente! Die gemeente wat die meeste SMS-intekeninge vir *Konteks* 2012 stuur, wen 'n gratis webbladontwerp van Delitech IT solutions (**www.delitech.co.za**). *Konteks* kos in 2012 R140 vir 10 uitgawes, en intekenaars se volkleurtydskrifte word maandeliks na die gemeente-adres gepos. Teken in deur 'n SMS met die volgende formaat na 45633 te stuur: "NHK Gemeentenaam Intekenaar" (bv NHK Philadelphia GJ du Toit). Let daarop dat elke SMS met NHK (*in hoofletters*) móét begin. Elke SMS kos R1,50. Die gemeente wat die gratis webblad wen, sal aan die begin van Desember in die laaste *e-Hervormer* van vanjaar aangekondig word.

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parkering, elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**.

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir 'n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647

Allen organs®

Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart 2012
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

- **Eerstejaarskampe 2012**

  - **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 10 tot Vrydag 13 Januarie**
    R800 per persoon, verblyf, etes en 'n T-hemp ingesluit
    Kontak dr Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**
    of Terzie Denton by 082 475 4618 of Marle Geel by 082 861 2799

  - **Stellenbosch Hervormers Aanvangskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Dinsdag 24 Januarie
    Kom by kerk byeen vanaf 12:00 en vertrek 13:00 na kampterrein

Besonderhede sal gestuur word
Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za**

- **Philadelphia Tuks Eerstejaarskamp 2012**
  Saterdag 21 Januarie tot Woensdag 25 Januarie
  Kampterrein naby Brits
  Sluit aan by groep op Facebook "TUKS NHK Philadelphia EJK 2012"
  Registreer by www.philadelphia.co.za
  Bring 'n vriend of vriendin na die kamp en kry R50 afslag
  Kontak Aniena (bemarker) by 082 293 9755,
  Timo (kampbestuurder) by 083 426 3599,
  ds Martin Slabbert by 082 655 4787
  of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

- **Bloemfontein Kougom Eerstejaarskamp**
  Sondag 8 tot Donderdag 12 Januarie
  R660 per persoon
  Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
  of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

travel counsellors

- **REISADVISEURS *PAR EXCELLENCE*!**
  Betroubare reisagent 24/7 365 dae van jaar vir noodgevalle beskikbaar
  Familie-onderneming met 45 jaar diens in reisbedryf
  Gekeurde adviseurs van Travel Counsellors, wêreldwye netwerk
  met hoofkantoor in Londen
  Elke lugkaartjie wat ons uitreik, is met Britse Pond verseker
  - Buitelandse , binnelandse of streeksreise
  - Vakansie-, sake- of navorsingsreise
  - Bustoere, boot- en treinreise, of motor-/kamperhuur
  - Gespesialiseerde groep- of pelgrimstoere, veral vir predikante wat gemeentetoere reël
  - Reisversekering, advies oor reisdokumentasie en alle ander aspekte

  Vra om op ons adreslys te kom en ontvang inligting
  oor spesiale tariewe of vakansiepakkette
  'n 2012-somertoer na Europa?
  Bespreek, betaal slegs deposito voor 30 November en kry 10% afslag
  Kontak Petroné Schoeman by 012 361 9890 / 082 332 3889 /
  petrone.schoeman@travelcounsellors.co.za
  of Louise Geyser by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Basaars en markte

- **Saterdag 26 November: NHSV Warmbad**
  Boere-ontbyt en mark
  08:00 tot 11:00 by kerksaal in Ludorfstraat
  (tussen Mentz- en Grobler-rylaan)
  Heerlike gebak, kothuisartikels, vars wors en groente ook te koop
  Ontbyt R30 per persoon
  Kaartjies te kry by kerkkantoor
  of skakel Suzi van Dyk by 014 736 6404 (h) of 083 310 4943

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  Beplan nou reeds!
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

- **VAKANSIEWOONSTEL TE HUUR IN UVONGO**
  Ongeveer 350 m van Uvongo-hoofstrand
  Slaapplek vir 4 mense
  Ten volle toegerus en lugversorg
  Onderdakparkering, elektroniese toegangsbeheer
  Swembad en braaigeriewe in kompleks
  Billike tariewe binne seisoen, spesiale maandtarief buite seisoen
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

ANDER NUUS

- **VAKATURE.** Die **Direksie van die Kinderhuise** van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Bestuurder by die DPS-huise**. Kandidate moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - Meelewende lidmaat van die Hervomde Kerk.
  - Veelsydige bestuursvaardighede.
  - Moet finansiële state kan opstel en interpreteer.
  - Vermoë om as lid van multi-professionele span te funksioneer.
  - Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.
  - Basiese kennis van die kind en kinderopvoeding.
  - Basiese kennis van die Kinderwet sal 'n aanbeveling wees.
  - Onderhandelingsvaardighede.
  - Rekenaarvaardig in ten minste Microsoft Office.
  - Ten volle tweetalig.
  - Naskoolse kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees.
  - Geldige rybewys.

  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
  Diensaanvaarding: 1 Januarie 2012.
  Sluitingsdatum: 21 November 2011.
  Aansoeke met CV moet gerig word aan: Mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; **mannekrag@nhk.co.za**; faks 012 322 7909. Navrae by 012 322 8885.

- **VAKATURE.** Die Direksie van die **Kinderhuise** beskik oor 'n pos vir 'n **boekhouer**. Die vereistes is:
  - Toepaslike rekeningkundige kwalifikasie, of Matriek-rekeningkunde met ten minste 3 jaar toepaslike ervaring in boekhouding tot proefbalans-stadium en opstel van bedryfs- en finansiële jaarstate.
  - Moet vertroud wees met die generering van bestuursinligting.
  - Gebruikersvaardigheid in Pastel en Microsoft Excel.
  - Goeie kommunikasievaardighede.

  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes geld.
  Diensaanvaarding: 1 Januarie 2012.
  Sluitingsdatum: 28 November 2011.
  Aansoeke met CV moet gerig word aan: Mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; **mannekrag@nhk.co.za**; faks 012 322 7909. Navrae by 012 322 8885.

- Die **Ondersteuningsraad in Pretoria** reël twee **Kersfunksies** vir hul **behoeftige bejaardes** en **kinders** tussen 1 en 11 jaar. Enige persoon wat 'n bydrae wil maak, kan Esta Stieler kontak by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4.

- Die Kantoorkomitee van die **Ondersteuningsraad Secunda** reël vir **Saterdag 26 November** 'n **gholfdag** vir fondsinsameling. Belangstellendes kan die koördineerder, ds Jan Rossouw van Trichardtsfontein, by 017 638 0246 of 084 585 8716 kontak.

- Die **Ondersteuningsraad Nylstroom** loods vroeg in 2012 die projek ***Passie vir 'n Tassie*** waartydens hulle tasse en skoolbenodigdhede voorsien aan die behoeftige kinders in hul gemeenskap. Enigeen wat 'n bydrae wil maak, kan Henriëtte Els of Manéna Long by 014 717 3594 kontak.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD**
  VAKATURE IN RING VAN RUSTENBURG
  Maatskaplike Werker
  Halfdagpos vanaf 3 Oktober 2011 in Rustenburg.
  Vir lewering van pleegsorgtoesigdienste by Diakonale Pleegsorghuis asook dienslewering aan lidmate van die Hervormde Kerk.
  Ononderhandelbare vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, geldige bestuurslisensie, ervaring in statutêre werk en vereenselwiging met etos van die Hervormde Kerk. Salaris bepaal deur jare ervaring.
  Aansoeke aan mev Mariaan Steenkamp (**mariaans@nhk.co.za** of faks 012 322 5787). **Sluitingsdatum 30 November 2011.**

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: ANDER VAKATURES**
  - Programbestuurder Noordwesprovinsie: Mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp (halfdagpos).
  - Maatskaplike Werkers (6 poste): Areas Tarlton, Krugersdorp, Brakpan, Pretoria en Potchefstroom.
  - Maatskaplike Hulpwerkers: Areas Klerksdorp en Brakpan.

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Die Bybelgenootskap** het gedurende sy pas afgelope finansiële jaar wat op 31 Oktober geëindig het, **meer as 'n miljoen volledige Bybels** (1 267 718) in Suid-Afrika versprei. Dit is 23% meer as die vorige jaar. Die meeste van die 1 024 383 gedrukte Bybels wat versprei is, was Bybels in van ons amptelike tale. Dit is 'n toename van byna 14% in vergelyking met die vorige jaar.

- Die ***Book of Books***-uitstalling vorm deel van vanjaar se 400ste herdenking van die King James Bybel en kan tans by die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad besigtig word. Op 24 November en 25 Januarie het besoekers die geleentheid om 27 waardevolle geïllumineerde manuskripte wat aan die Nasionale Biblioteek behoort, te besigtig. Die oudste manuskrip in hierdie versameling is die vier Evangelies in Latyn wat in die jare 875 en 900 gekopieer is. Hierdie manuskrip is in alle waarskynlikheid die oudste in Suid-Afrika. Die ***Book of Books***-uitstalling is tot 27 Januarie 2012 van 09:00 tot 16:00 op weekdae, behalwe Woensdae wanneer deure eers om 10:00 open, oop vir besigtiging. Toegang is gratis.

- **TRANSORANJE KERSMARK**
  18-27 November
  Tshwane Events Centre (Pretoria-skougronde)
  Saal L (Kerkstraat-ingang)

Weekdae 09:00 – 20:00
Saterdae 09:00 – 16:00
Sondae 09:00 – 15:00
Gratis toegang, kaartfasiliteite en koopverenigings
Meer as 250 uitstallers, teetuin
Navrae: 012 386 6072/5 of besoek **www.transoranje.webs.com**

- **Beeld-Kinderfonds: Kerskonsert**
  Woensdag 30 November – Moreleta Woodlands
  Met Jannie Moolman, Rudi Muller, Carike Keuzenkamp (gasvrou), Rina Hugo, Leon Ferreira, Bobby van Jaarsveld, Gerrie Pretorius, Francois Coetzee, Lianie May en Jan de Wet
  Kaartjies by **www.itickets.co.za** of 086 100 0291
  of by **Jire Cafe @ Moreleta Woodlands** Ouditorium

Die **Sinodale Kerkkantoor sluit** op Donderdag 22 Desember om 12:00 en **heropen** op Dinsdag 3 Januarie 2012.

Die **laaste *e-Hervormer*** van vanjaar verskyn op **Donderdag 1 Desember**. Die **eerste uitgawe van 2012** verskyn op **Donderdag 12 Januarie**.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R114 per plasing**. *(Die prys styg in Januarie tot R150 en die grootte sal voortaan beperk moet word – adverteer dus nou!)*



Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Baie dankie vir die advertering van Gemeente Koster se mark. Die mark was ’n groot sukses en die *e-Hervormer* se bydrae word baie waardeer en erken.”

Dr Elmie Castleman

“Die artikel uit oudl George Marais se hart het my geraak. Ek voel presies dieselfde oor hoe en wat op die oomblik in die Kerk waarvan ons deel is, aangaan. Ek wil ook net deel van die Hervormde Kerk wees en elke Sondag die Woord van God hoor. Moet die evangelie van Jesus Christus nie voorop in elkeen van ons se lewens staan nie? Ek hoop van harte die artikel word ook in *Die Hervormer* geplaas sodat meer mense in ons Kerk dit kan lees. Baie dankie aan die redaksie dat u dit geplaas het in die *e-Hervormer*.”

Jannie van Niekerk

“Ek stem heelhartig saam met oudl Marias. Is al die bohaai nodig en verstaan almal waaroor alles gaan? In my Bybel staan alles wat jy wil weet, en glo my, dit is die waarheid. Kan die Hervormde Kerk al die onnodige verskille bekostig, en mis ons nie dalk soos oudl George dit noem die punt waaroor alles gaan nie? Ek glo my Kerk en geloof moet net om die boodskap gaan en nie vasgevang word deur wat die wêreld aan ons voorskryf nie. Kom ons dien die Here met ywer, dan sal die res self in plek val.”

Hannes Piek, Bethlehem

AGTERBLAD

God sluit vrede met ons



Die Desember 2011-uitgawe van *Die Hervormer* sal binne die volgende week beskikbaar wees.

Prof Schalk Botha bring ’n besielende boodskap oor vrede en versoening. In sy laaste redaksioneel skryf dr Gerhard Lindeque oor die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Ons berig ook oor die Administrateur, mnr Kobus Viljoen, en sy assistent, mej Rona Barnard, wat aan die einde van die jaar aftree, asook oor dr André Ungerer, die nuwe redakteur wat vir *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* benoem is. Maak kennis met mnr Elmar Struwig, wat met ingang van 1 Februarie 2012 by mnr Viljoen oorneem as Administrateur, en dr Christo van der Merwe, wat die leisels by prof Theuns Dreyer oorneem as Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege.

*** Teken in op *Die Hervormer* teen R100 vir 11 uitgawes (R10 per individuele eksemplaar). Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx